# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 51** **Nr 17** **10 Mei 2026**


## Die See het Gevlug

Met die milde reën wat ons oral oor ontvang het die laaste maand of twee, is dit opmerklik hoeveel invloed die weer op die gemoed van mense het. Sommige saaiboere is moedeloos van al die water, wat die oeste op die land bederf. Die veeboere is dankbaar vir goeie weiding vooruitsigte, maar daar is nuwe siektes wat weer opvlam. Mense se besighede word geraak, buite aktiwiteite word beperk, en in sommige gebiede kom daar geweldige skade.

Vir ‘n oomblik besef ‘n mens hoe dit moes wees in die tyd van Noag, toe die reën nie ophou nie. Toe die water aanhou styg. As mense probeer plan maak om hulle huisraad en besittings van die water te red. Dink uself in watter geweldige en vreesaanjaende verskrikking dit moet wees. Om die wêreld rondom jou te sien verdrink. Slegs die wat in die ark was, is gered. Christus is die ark van ons verlossing. Hy alleen is die Een waarin ons kan skuil, ‘n veilige Rots.

Daar is egter ‘n tweede beeld van water, waaraan Psalm 114 ons herinner. Daarvan word beskryf hoe die water gevlug het. Die see het gevlug, die Jordaanrivier het terug gedeins. Voor die aangesig van God word die watervloede diensbaar. Die natuurkragte is gehoorsaam aan die Woord van God. Maar daardie selfde natuur elemente is simbole wat heenwys na God se oordeel en genade.

Die vloed wat die beeld van die doop, net so ook die Rooisee en die Jordaan. Israel is gedoop deur die water, is gered deur die water heen. Christus self leer ons dat Hy die Water van die lewe is. Elkeen wat Hom drink, strome lewende water sal uit hul binneste vloei.

Laat ons dan ook in hierdie tyd besef hoe God deur die natuur ons herinner aan sy genade en oordeel. Aan sy liefde en trou, en bo dit alles, ons verlossing.

Lourens (vdm)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***
Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure: **Ma-Do** 08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 10, Ps 62-1:1 **Volgende week**: Les 11, Ps 62-1:1

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 10 Mei | A04 | Leon Lourens | Fred Reynecke | Erich Jacobs | Hein Kaiser | Hannie vd Bergh | Charl vd Bergh |
| 17 Mei | A05 | Drikus vd Walt | Pieter Wolmarans | Pierre Struwig | Gert Reinecke | Eric Guldemond | Hein Kaiser |

## KOLLEKTES

| Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens ) | Vandag: **Teol studentekas** (by die deure) |
|---|---|
| Volgende week: **Barmhartigheid** | Volgende week: **Kerklike tydskrifte** |

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10 Mei | Marique | le Roux | C09 | 0828506459 |
| | Wico | Prinsloo | B08 | 0822955211 |
| | Susan | vd Walt | B11 | 0824672462 |
| | Yolande | Venter | A03 | 0796992007 |
| | Johann | Verreynne | C11 | 0825549416 |
| 11 Mei | Evert | v Seventer | B14 | 0716097654 |
| 12 Mei | Gerti | Erasmus | C09 | 0828833389 |
| | Carlien | Slabbert | B11 | 0826845145 |
| | Walter | Vercueil | E01 | 0722254803 |
| 13 Mei | Rika | Pretorius | B18 | 0825597705 |
| 14 Mei | Carlo | Coelho | A04 | 0740556268 |
| | Mariette | du Toit | C01 | 0845801905 |
| | Kobus | Venter | C13 | 0826538353 |
| 15 Mei | Yolande | Brand | C08 | 0722867315 |
| | Quintus | Keyter | B01 | 0828050448 |
| | Margi | Slabbert | B11 | 0723094641 |
| | Erika | vd Mescht | B09 | 0845480527 |
| 16 Mei | Flip | Jonker | B04 | 0781200632 |
| | Madré | Kotzé | A01 | 0721579917 |
| | Gert | Reinecke | A12 | 0713706073 |
| | Karla | Theart | A12 | 0649102547 |
| | Charl | vd Bergh | C07 | 0726987956 |
| | Pieter | vd Dussen | B17 | 0791845306 |

## Dooplidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10 Mei | Pieter-Steph | Klopper | C05 | 0825777190 |
| | Adriana | Maree | B14 | 0824412799 |
| 12 Mei | Elrie | Duvenage | C08 | 0082789644 |
| | Ryan | vd Merwe | E01 | 0828507861 |
| | Joshua | vd Walt | A13 | 0812519617 |
| 15 Mei | Hendri | Joubert | A01 | 0747785910 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Rika Pretorius sterk tuis aan na 'n voet operasie (B18 – 082 559 7705).
- Willem van Wyk sterk aan in Groenkloof hospitaal (C12 – 082 492 0604).
- Hein Venter sterk aan na 'n kanker- en veloorplantingsoperasie (C6 – 083 357 6141).
- Johan Kotzé het oogoperasie ondergaan (C5 – 0839933846).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk



Jannie en Ledine met die geboorte van Ilana Klopper.

♥ Morkel en Lize Johl met die swangerskap.

**Hemelvaartdiens**

14 Mei 2026

06:00 – Morning devotion (Rev Maarten

19:00 – Gesamentlike aanddiens
(Ds. Lourens)

***Alethea Outreach 11:00***

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/

aletheaministry/

Rev Lourens Venter

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/ verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**- Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

**Lees Mukanyo Nuusbrief**
by: https://mailchi.mp/mtc/newsletter-12851646?e=6080f0d307

**Tieners**

Alle tieners word genooi na die Grot direk na die oggend-erediens!

***Koningskinders-klerebank***

GK Centurion het 'n Koningskinders-klerebank. Enige gemeentelid met 'n behoefte is welkom om ons te nader.

Die uitreik is baie diskreet en gratis. Alle klere en skoene word deur die gemeentelede geskenk.

Daar is tans 'n behoefte aan die volgende kinderklere vir dogters en seuns 5 - 9 jr, vanaf 12 - 14 jr asook mansklere. Ons soek ook nuwe onder-klere vir seuns en 2-stuk onderklere vir dogters en nuwe kouse. (Ons gee nie gebruikte onderklere uit nie.)

Ons help sovêr moontlik alle ouderdomme van baba tot volwas-senes.

Skakel my gerus:

Helena du Plessis

079 751 1957






**Belangstellendes vergader vanoggend na afloop van die erediens onder die olyfboom**




## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

**10 Mei**
Hester vd Merwe B5
Wilmarie Rheeders B8



**17 Mei**
Anneri de Jager B6
Elke Nel B15

## Geestelike Opbou

~~**10 Mei 2026**~~

**Datum** word later bekend gemaak

Onderwerp: Unite 180

## Jag-vir-jou-Kerk

Die jagseisoen is eersdaags oop!! Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk.
Pa-seun, Pa-dogter jagters kan ook die projek ondersteun. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel Tjaart vd Walt – 082 824 2933



## Die Wyse Gryses

(DV) Maandag 11 Mei om 10:00
in die kerksaal

Ons gaan hierdie maand saam stilstaan by die tema van Dankbaarheid met geleentheid vir gesels, herinneringe deel en saam ontdek hoe ryk ons lewens in werklikheid is.

Alle seniors word hartlik uitgenooi om saam met nuwe oë na die lewe te kyk en God se goedheid in die alledaagse raak te sien.

Kom gerus! Ons sien saam met julle daarna uit om met warm harte dankbaar te wees!

### Sola Chorda – Kitaarbybelstudiegroep

Indien jy kitaarspeel en belangstel om aan te sluit by Sola Chorda (GKC se Kitaarbybelstudiegroep) kan jy gerus by die WhatsApp-groep aansluit vir meer inligting.

**Kyk uit vir die QR kode op die bord.**

Ons gaan liedere aanleer, ontleed en bespreek - 'n ander wyse van Bybelstudie, waar ons liedere aan die Skrif toets, terwyl ons as groep saam musiekmaak en so ons gawes ontwikkel.

Almal is welkom - jonk en oud. Gesout of geroes.

### Manne in Christus

Alle manne, dit is pa's, oupas, broers, seuns, swaers, ooms en neefs word uitgenooi na die manne-oggend:

30 Mei

06:00 tot 07:30

Kom gesels, deel en bid saam.

Sien julle daar!




### GK Centurion Wit Olifant II

Hierdie whatsapp groep is vir lidmate van GK Centurion en 'n paar uitgenooide vriende.

Ons koop en verkoop aan mekaar teen 'n kommissie van ten minste 10-15%, wat aan die kerk geskenk word. Die fondse gaan aan die Projektefonds wat vir die gebou en terrein aangewend word.

Die deel vir Ollie, moet asb per EFT betaal word, met die KORREKTE depositoverwysing. Geen kontant hantering asb.

**Nuwe bankbesonderhede:**
GKC Projekte
Absa spaar 9405014421
Verw: Wit Ollie en jou naam

Geniet die onderlinge besigheid en koinonia.

Indien jy op die whatsapp groep wil kom, skakel: Ollie (ds. Maarten) 0721431855



# Gemeente Kuierkamp

## 4-6 September 2026

## Wagondrift, Cullinan

**Inligting en inskrywingsvorm is op die tafel by die hoofingang.**





## Musiekvoorspel inligting

<u>Oggenddiens - Psalm 119</u>

Psalm 119 is die Bybel se langste hoofstuk (176 verse) en 'n meesterlike akrostiese gedig wat die genoegsaamheid en skoonheid van God se Woord vier. Waarskynlik geskryf deur Dawid, Esra of Daniël gedurende 'n tyd van beproewing, is dit gestruktureer in 22 strofes – een vir elke Hebreeuse letter – met elke vers in 'n strofe wat met daardie letter begin.

<u>Aanddiens - Psalm 19</u>

Psalm 19, geskryf deur Dawid, is 'n gevierde loflied van Hebreeuse poësie wat God se openbaring deur die skepping (algemene openbaring) kontrasteer met Sy geskrewe wet (spesiale openbaring). Dit beklemtoon God se heerlikheid in die natuur, die volmaaktheid van die Tora, en sluit af met 'n persoonlike pleidooi vir innerlike reiniging

# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## Hy wat in julle is, is groter as hy wat in die wêreld is

**Skriflesing:**
1 Johannes 4:1-21 (2020)

**Teksvers**:
1 Johannes 4:4,18

**Sing:**
Ps 48:1,5
Ps 62:1,4,5
Ps 73:10,11,12
Sb 1-1:1,2,7
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Die liefde dryf vrees buite. As die liefde van God in jou is, en jy in God leef, en Hy in jou, dan is daar geen vrees en verskrikking wat jou sal afsit om jou liefde aan God te bewys nie.

God het ons eerste liefgehad, en daarom kan ons Hom liefhê. God is liefde. En die liefde is uit God. Maar die liefde is nie God nie. Die liefde het nie goddelike status nie.

God is ook nie net liefde nie. God is ook Lig. God is Waarheid. God is Lewe. Met ander woorde, die liefde vind alleen betekenis as dit in God is.

Watter heerlike troos is daar om te weet, dat Hy wat in die gelowige sy woning maak, en sy liefde vestig, is groter as hy wat in die wêreld is.

## SONDAGAAND 18:00

## Veilig in sy Voorsienigheid

**Skriflesing:**
Psalm 34 (1983)

**Teksvers:**
Psalm 34:8,9

**HK:** Sondag 10

**Sing:**
Ps 34:1,2
Lied 509:1,2,4
Ps 34:4,8
Sb 10-2
Sb 13-3

Ds Maarten van Helden

Laat ons onthou dat ons in die aanddienste besig is in die leerprediking om die Heidelbergse Kategismus te verklaar. Vanaand kyk ons verder na die eerste sin van die Apostoliese Geloofsbelydenis: "*Ek glo in God die Vader*..."

Die aanddienste gee aandag aan ons gereformeerde geloofsleer en dit sal raadsaam wees om te sorg dat ook ons groter kinders saam met u saans in die aand-eredienste kom vir hierdie onderrig.

Vanaand bedink ons die Woordjie "*voorsienigheid*" wat God se omvattende beskikking en sorg vir sy kinders beskryf.